



Spektakulêre
Stories vir
Nuuskierige
Kinders.

Mummifiseer
Jouself... Lewendig

THINK
DIGITAL ACADEMY



Wanneer jy aan mummies dink, dink jy waarskynlik aan Egiptiese koninklikes wat bewaar en voorberei is vir die oorgang na die volgende lewe. In daardie proses het hulle hulp gehad. Hulle kon dit nie self voorberei nie, om die eenvoudige rede dat hulle dood was. Maar in Japan, tot in die 19de eeu, was daar Boeddhistiese monnike wat presies dit gedoen het. Hulle het hulself gemummifiseer!




Die eerste vraag wat sekerlik by jou opkom, is: hoekom, o hoekom sou hulle dit doen? Kom ons kyk eers waarom hierdie hele ding gaan. Self-mummifisering in Japan staan bekend as Sokushinbutsu, wat losweg vertaal kan word as “om ’n Boeddha in hierdie liggaam te word”.



Kom ons kyk eers hoekom enigiemand gemummifiseer sou wil wees. Baie kulture beskou die proses van mummifisering as iets heiligs of belangrik. Om 'n lyk agter te laat wat nie ontbind nie, was nog altyd 'n teken van iets besonder.



Die bekendste monnike wat Sokushinbutsu beoefen het, was die Japannese Shingon-monnik van Yamagata. Wat hulle gedoen het, was om versoening vir die mensdom te soek. Self-mummifisering was 'n opofferende daad. Hulle het dit gedoen sodat hulle toegang tot Tusita-hemel kon kry, vanwaar hulle ook mense op aarde sou kon beskerm.



Die geheim vir toegang tot Tusita-hemel is dat hul liggame nie mag ontbind nie. Dit moet verbind wees aan hul geestelike self. Dít is waarom die proses van self-mummifisering uitsers pynlik, lank en moeisaam is.



Wat hulle gedoen het, was om hulself van binne na buite te mummifiseer. Die proses duur minstens drie jaar en begin met 'n spesiale dieet wat bekend staan as mokujikigyō. Die monnik sou deur die nabye woude rondswerf en slegs neute, bessies, boonskors, boomwortels en denne-naalde eet. Op hierdie manier sou hulle liggaamsvet verloor en voorkom dat daar weer vet in hul liggame gestoor word.



Basies begin die liggaam van binne af uitdroog,
aangesien hierdie dieet noodsaaklike voedingstowwe en
vog kort. Benewens die dieet dra die eensame swerftog
ook by tot die geestelike reis, sodat die monnik oor die
lewe, die dood en alles tussenin kan nadink.



Dit sou vir presies 1000 dae aanhou. Een keer is gewoonlik nie genoeg nie, so baie monnike ondergaan hierdie proses verskeie kere om seker te maak dat hulle hulleself werklik aan die einde sal mummifiseer. Anders sou al daardie moeite mos verniet wees, of hoe?



Die volgende fase is die balsemingsproses. Dit is gedoen deur tee te drink wat gemaak is van urushi, die sap van die Chinese lakboom. Dit is uiters giftig, en die monnik drink dit sodat insekte nie ná sy dood aan sy liggaam begin knaag nie. Hulle drink steeds water, maar baie min – en hulle voeg sout daarby. Meditasie en besinning gaan ook voort gedurende hierdie tyd.



Stadig maar seker sou die monnik voel hoe die dood aan sy deur klop. Hy sou homself dan in 'n baie klein, nou dennehoutrkis plaas, wat tien voet onder die grond laat sak sou word. 'n Dun bamboesstok sou vars lug deurlos, en daar sou 'n klokkie wees wat die monnik elke dag lui terwyl hy steeds in totale duisternis mediteer.



Die graf sou verseël word en vir 1000 dae ongestoord bly.

Daarna sou hulle die deksel oopmaak en die liggaam ondersoek. As daar enige tekens van ontbinding was, sou hulle die liggaam begrawe, want dan het die monnik nie Sokushinbutsu bereik nie. As die liggaam egter onaangeraak was, sou hulle dit in seremoniële gewade klee en in 'n spesiale plek in die tempel uitstal.



Gelukkig het Sokushinbutsu in 1877 onwettig geword – en met goeie rede. Honderde monnike het dit probeer doen sedert die eerste poging terug in 1081, maar slegs sowat twee dosyn het dit werklik reggekry.





THINK

DIGITAL ACADEMY

